**DIE EIKE KAFEE**
(Eienaar: van der Wes.)

STUDENTE:
Kom na die Eike vir vars vrugte, sjokolade en tabak.
Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

# DIE MATIE

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL I, No. 1[illegible] WOENSDAG, 29 OKTOBER 1941. PRYS 1d.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

# Eerste Oratorium in Afrikaans.

## DIE AANSTAANDE UITVOERING VAN HAYDN SE SKEPPING.

### Hans Endler maak Geskiedenis.

**Met die uitvoering van „Die Skepping" van Haydn, onder leiding van Hans Endler, vanaand in die plaaslike stadsaal sal Stellenbosch andermaal geskiedenis maak. Die oratorium sal vir die eerste keer in Afrikaans gesing word, 'n vertaling van dr. Con de Villiers. Daar bestaan geen twyfel dat die uitvoering 'n reuse sukses sal wees nie en g'n een durf die kans laat verbygaan om Haydn se toonsetting van die aangrypende Bybelse skeppingsverhaal te hoor nie. Die deelnemers is byna almal plaaslike talent, waaronder 'n groot aantal studente. Daar is 'n koor van omtrent 130, 'n volle orkes en drie soliste uit Kaapstad, Gladys Hugo (sopraan), wat op Stellenbosch reeds goed bekend is, Boris Rome (tenoor) en John Andrews (bariton).**

Vir Hans Endler sal die uitvoering ook 'n mylpaal wees, want hoewel hy Haydn se oratorium al verskeie kere in die verlede op Stellenbosch uitgevoer het, sal dit die eerste keer wees dat een van sy groot uitvoerings in die nuwe stadsaal plaasvind. Die groter ruimte op die verhoog van die stadsaal maak dit moontlik om die koor en orkes geriefliker te rangskik as was ooit moontlik was in die Konservatorium-saal. Die groter saal is ook baie meer geskik vir die klank-massa van koor en orkes. Ons kan ook net noem dat daar reeds veel meer plekke bespreek is vir die konsert as wat daar in die Konservatorium-saal is. Herr Endler gaan dus by hierdie uitvoering 'n groter gehoor hê as wat hy nog ooit op Stellenbosch gehad het.

INTERESSANTE GEBEURTENISSE

Herr Endler vertel interessante staaltjies van sy vorige uitvoerings. Eenmaal sou „Die Skepping" uitgevoer word en hy het vooraf aan die opsigter van die Konservatorium gesê dat hy aan die begin wanneer daar nog chaos en duisternis op die aarde heers, die ligte in die saal dof moes maak, en waar die koor sing „en daar was lig" moes hy die ligte skielik helder laat skyn. Hy vertel dat selfs met die asetelien-ligte van daardie dae die indruk op die gehoor geweldig was. Vandag beskou hy die musikale gevoel van die Stellenbosse publiek en die studente te fyn ontwikkel om op hierdie manier indruk te maak.

By 'n ander geleentheid was daar 'n baie beroemde sangeres om een van die solo-gedeeltes waar te neem. Sy het op een plek verseg om te sing soos Herr Endler dit wou gehad het. Naderhand wou sy glad nie meer sing nie en dit het gelyk asof die hele uitvoering sou misloop. Oorlede Monsignor Kolbe was teenwoordig en sê toe aan die sangeres: „Hoe jammer tog dat Herr Endler nie jonk en sterk soos Handel is nie, dan sou hy Handel se voorbeeld kon volg en u kon optel en by daardie venster kon uithou en vir u sê ‚As u nie wil sing nie, laat ek u onder op die gruis val'." Almal was so ge-amuseer deur die beeld van die primma donna wat lug trap buite een van die Konservatorium vensters, dat drifte afgekoel het en die uitvoering glad verloop het.

Die ouers van etlike van Woensdagaand se koor- en orkeslede het in die verlede onder Herr Endler gesing en gespeel, want hy het reeds vir meer as 30 jaar byna jaarliks 'n groot musikale uitvoering onderneem. Hierdie pogings van Herr Endler het vir die geslagte van die studente veel beteken, en 'n groot invloed uitgeoefen op die musikale lewe op Stellenbosch en oor die hele land. Herr Endler hou egter vol dat sy beloning is die geesdrif — of soos hy sê „die Begeisterung" — van sy koor- en orkeslede.

### Laaste Uitgawe

*Die naderende eksamens het die algemene studente-bedrywighede tot 'n stilstand gebring. Met hierdie uitgawe neem „Die Matie" dus afskeid vir vanjaar. Aan almal wat nou eksamens doen wens „Die Matie" 'n vrugbare bloktyd, geslaagde eksamens en 'n aangename vakansie toe, en aan die wat Matieland vir goed verlaat veel geluk en voorspoed.*

## Betrekkings met Wits verbreek.

### Afrikaners aan U.K. van ons Steun Verseker

**Op 'n monstervergadering, verlede week, is besluit om alle betrekkings met Wits te verbreek. Dit beteken, volgens die Voors., mnr. Pauw, dat ons aan geen interuniversitêre byeenkoms kan deelneem, waarby Wits. betrokke is nie.**

Die besluit lui as volg:—

Na aanleiding van ontwikkelings m.b.t. die Fort Hare-geskil en op grond van ons standpunt t.o.v. segregasie aan die Suid-Afrikaanse Universiteite verklaar ons hiermee as Studenteunie van U.S. dat ons ons heelhartig skaar aan die kant van ander Afrikaanse Universiteite en die Afr. minderheid aan Wits. en dat ons alle betrekkinge op sport- en akademiese gebied met Wits. as afgebreek beskou.

Wat ons verhouding tot U.K. betref, sal ons die normale betrekkinge as afgebreek beskou wanneer U.K. hulle liberale beleid i.s. segregasie in so 'n mate tot toepassing gebring het dat die posisie van die Afrikanerminderheid aldaar onhoudbaar geword het en hulle hulself verplig voel om met hulle eie Universiteit te breek.

Verder sal ons alle pogings aanwend om nouer betrekkinge aan te knoop met genoemde Afrikaanse Universiteite en Afrikaanse minderhede.

## Verklaring van Kaapse A.N.S.-Takleier.

### U.S. laat Afrikaners in Die Steek

Die mosie i.s. die Fort Hare kwessie, aangeneem op 'n vergadering van die A.N.S., U.K.-tak op 7 Oktober l.l. (L.W.: d.w.s. twee weke voor die jongste U.S.-tak vergadering) lok baie kritiek uit onder U.S. studente. Daar word beweer dat die U.K.-A.N.S. inkonsekwent gehandel het deurdat hulle nie besluit het om alle verhoudings met U.K. af te breek nie, maar daarenteen 'n kompromismosie opgestel het, gegrond op die uitslag van die referendum.

Die mosie waarna verwys word, is so opgestel omdat:—

(1) Die antwoord op 'n versoek van Afrikanerstudente alhier, oorhandig aan mnr. T. Pauw, voorsitter van die U.S. Studenteraad, nl. dat die U.S. dadelik alle verhoudings met die U.K. moet afbreek, die bewys was dat ons nie die ondersteuning van die U.S. geniet het nie, toe daar van hulle kant besluit is om liewer met die vyand te onderhandel, dan om met hom te breek.

(2) Ons as Afrikaners aan die U.K. deur verbreking, baie meer sal moet opoffer as die studentegemeenskap van Stellenbosch veral daar die steun van hulle kant ontbreek het.

(3) Die, deur hulle (U.S.) voorgestelde onderhandelings met die Uitvoerende Bestuur van die U.K.-S.R. so 'n dubbelsinnige resultaat gelewer het — die referendum uitslag.

Ek ag dit uiters betreurenswaardig dat dié Universiteit wat homself die bakermat van die Afrikanerdom noem, op die rypste oomblik, toe die ondersteuning van die oorgrote meerderheid van Afrikaner sportmanne van die U.K. verkreë was, geweier het om sy gewig in die stryd te werp — die stryd van die Afrikanerstudent van die U.K. om los te breek van die liberalistiese negrofiliste.

A. B. W. FEIRREIRA,
(Leier, A.N.S.-tak, U.K.).

Mnr. Tappies Möller, primarius van Dagbreek, ly nog steeds aan „Aangename-verrassing skok" wat opgedoen is by Monica toe die ander Monica onverwags verskyn het.

**Onthou „DIE SKEPPING" Vanaand.**

**Suikerbossie Melksalon.**

HOOFKWARTIER
van
GESONDHEID

Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.

Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.

**Gebroeders De Wet**
(EIENS.) BPK.
ALGEMENE HANDELAARS, SPORT-UITRUSTERS EN PRAKTIESE SNYERS

Offisiële agente vir al die Universiteits Kleure.
Huidige Studente wapens 7/6.
Oudstudente Wapens .. 10/6.
Kleurbaadjies gemaak na maat £4 kontant.
*Bestel dadelik, voorrade word min.*
Gebrs. De Wet (Eiens.) Bpk.
h/v. Kerk- en Birdstraat.
STELLENBOSCH.
Posbus 21. Foon 20.

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

Maak gebruik van Ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

**Joerning en Seun**
(Eiens.) Bpk.,
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**MATIES!**

Hier is nuus — U EIE UNIVERSITEIT SE WAPEN is nou verkrygbaar soos goedgekeur deur die Senaat van die Universiteit en word aangebied deur

Stabilis Agentskappe en Beleggings-Maatskappy
Groote Kerkgebou 314,
Bus 1527, KAAPSTAD.

Teen die volgende pryse

£1-5-0 aan huidige studente.
£1-10-0 aan oudstudente en docente.

6/- per wapen word afgestaan vir die voorgestelde ingenieursfakulteit.

Plaasbestellings by
Dick Terblanche, p/a. mev. Woodbourne, Joubertstraat, Stellenbosch.

# Onder Onsies.

Gedurende verlede week het prop. Alie van Jaarsveld, tans van Calvinia, 'n dag of wat alhier deurgebring en verskeie van die ou bekendes besoek.

* * *

Toe mej. Noëll Grobbelaar van Huis-de-Villiers, voorverlede Saterdag die Junior-redenaarsbeker gebuit het, was dit vir die derde agtereenvolgende jaar dat 'n studente van die Departement van Sosiologie 'n redenaarsbeker verower. Die voriges was mej. M. (Lobby) Greef (1940) en mej. Oeloe Vorster (1939), albei indertyd van Huis-van-Niekerk.

* * *

'n Oud-bekerwenner van die Unie-Debatsvereniging, mnr. A. J. M. Fourie, is tans die bestuurder van die Studente-onderneming, die „Eikestad."

* * *

Na verneem word sal „Die Skepping" ook in Kaapstad uitgevoer word.

* * *

Saterdagaand het mnr. Johann Pauw van Wilgenhof, die Ope-Redenaarskompetisie verower met mej. Elise Coetzee van Harmonie, en mnr. Nic. Olivier van Dagbreek, in die tweede en derde plekke onderskeidelik. Na verneem word ag Huis-ten-Bosch dit as 'n persoonlike prestasie.

* * *

Vir oulaas het 'n aantal van die Juniors van 1941 verlede Saterdagaand byeengekom om re-unie te hou en die Lentebande weer styf te span.

* * *

Nadat lank suksesvol geheim gehou is op eg-vroulike wyse, het dit eindelik uitgelek dat mej. Marthie Burger van Huis-de-Villiers, 'n tydjie gelede haar geboortedag herdink het. Voorheen was dit alleen bekend aan enkeles soos mnr. Tat Steenkamp e.a.

* * *

Vrydagaand het die Jokkelokke en Tokkeliete 'n besonder jolige dans gehou waarop alle lektore en lektriese en gades teenwoordig was.

* * *

Verlede week het Lávenir ook hul jaarlikse funksie gehou en wel in die vorm van 'n uitvaart (per lorrie) na die strand. Vanuit die Kweekskool word verklaar dat dusdanige pogings tot die afkoeling van Lentekoors 'n fout is.

* * *

Op die Sendingbond se afskeidsgeselligheid wat kort gelede gehou is, is die nuwe bestuur gekies met mnr. Treurnicht as voorsitter vir 1942.

* * *

Gedurende die afgelope naweek was mej. Oeloe Vorster van Richmond, voormalige primaria van Huis-van-Niekerk, op Stellenbosch.

* * *

Mev. M. E. Rothman, vise-voorsitster van die A.C.V.V. het voorverlede Donderdag per geleentheid van 'n besoek aan Stellenbosch ook die 3de en 2de jaar Sosiologieklasse ontmoet en toegespreek.

* * *

Mej. Triena Smuts het verlede Woensdag saam met die Kaapse Stadsorkes opgetree.

* * *

Die verlowing van die bekende Matiepaar, Kitty Kok en Siebert Wiid, is onlangs bekend gemaak.

* * *

Nog 'n bekende oud Matie, mnr. Bill de Klerk het sy verlowing met mej. Ena Smith bekend gemaak.

* * *

Mej. H. Holzapfel is gekies as voorsitster van die damestak van die C.S.V.

* * *

Die primarius van P.S.O. is weereens mnr. Eddie Botha.

* * *

As primarius van die Kweekskool is mnr. Piet Verhoef en as sekretaris mnr. Charles Hopkins gekies.

# Besture vir 1942.

Die volgende besture vir 1942 is reeds gekies:

*Dagbreek Huiskomitee.* — Mnre. Tappies Möller, Primarius; Gert Goosen, Nic. Olivier, P. A. Theron, Dawid Snyman, Bob Schebusch, E. J. Celliers, Buks Fouché en Gert le Roux.

*Monica Huiskomitee.* — Mejj. Louise Pauw, Primaria; Helené Theron, A. de Vos, I. Michau en C. Hurter.

*Sonop Huiskomitee.* — Mejj. Hettie Lubbe, Barlo Retief, Elise Dürr, Elise van der Spuy, Lettie Jonker, J. Rosseau en A van Zyl. Die Primaria moet nog gekies word.

*Die Debatsbestuur.* — Mnre. P. O. le Roux, voors.; Gerjo van der Merme, vice-voors.; Piet v. Niekerk, sekr.; mej. N. Grobbelaar, ass.-sekr.; Danie Moolman, tes.; mejj. Rosa Kok, Bettie Gericke en mnr. Konstant de Vos, add. lede.

*Die Wetenskaplike Vereniging.* — Mnre. C. B. van Wyk, voors.; Piet Zeeman, vise-voors.; A. P. Steyn, sekr.; N. Slabber, ass. sekr.; H. Smit, tes. en mej. add. lid., As president vir 1942 is dr. J. O. B. de Villiers gekies.

*Die C.S.V.-bestuur, manstak.* — Mnre. Leuvenink, voors.; Willem du Toit, vise-voors.; J. v. Vuuren, sekr.; Nic. Treurnisht, ass. sekr.; Jaap de Jager, tes. en D. de Villiers, kring-konvenor.

*Die Huishoudkunde Ver.* — Mejj. G. J. Louw, pres.; Issie Groenewald, voors.; Sophie Louw, vice-voors.; Marie Loenig, sekr.; Elsa Norval, tes., Elise Hauptfleisch; ass.-sekr.; Erna Soloman en Susan Wessels, add. lede.

*Nuwe Christen-Studente-Klubbestuur.*

Lid van die pers. van die C.S.V., prop. Liebenberg; Lid van die universiteitspersoneel, dr. Moolman; Kweekskoolstudent, Tappies Möller; Lid van Manstak, Jannie van Vuuren; Lid van Damestak, Aletta van Zyl; Normaalklas, Gerjo v. d. Merwe.

# Ons Kapitalistiese Stelsel.

Met die versnelling van produksie vind ons dat in die moderne tydperk, d.w.s. veral gedurende die tydperk vanaf die vorige wêreldoorlog finansiële kapitalisme selfs 'n groter rol begin speel het as wat ons vandag sou wou erken. Groot beleggingsbanke het vinnig ontwikkel en hierdeur die industrieë van die kontrole van ekonomiese sake verplaas.

Dit het veral meegebring dat 'n paar persone ekonomiese en hierdeur ook ander magte in hande gekry het. Ons vind hierdie toestand van sake vandag veral in vooraanstaande demokratiese lande. As unieke voorbeeld kan die V.S.A. dien waar, volgens Stilman, uit 'n totale bevolking van 132,000,000, driekwart van die nasionale rykdom in 1932 in die hande van 'n paar honderd persone gekonsentreer was, om die geld te beheer soos hulle wil. Rykdom in die V.S.A. was toe reeds so oneweredig gedistribueer dat 'n mens slegs kon wonder waarheen dit gaan. Selfs Roosevelt se „New Deal"-beleid, waardeur hy deur werkgeleenthede te skep en deur hoë salarisse uit te betaal, soveel geld moontlik in omloop wou kry om die buitengewoon hoë getal werkloses te verminder, kan ons nie juis as 'n sukses beskou nie.

Ons sou graag wou weet wat die toestand van en veral na hierdie oorlog in Amerika en ander lande sal wees, ja selfs en veral in ons eie land waar nou reeds een-vyfde van die blanke bevolking onder die normale lewenspeil leef. Sal 'n eweredige verspreiding van die nasionale rykdom moontlik wees, en indien wel, hoe gaan dit gedoen word?

Volgens die hoof myningenieur is daar vir elke blanke persoon in hierdie land £15,000 se waarde aan minerale onder die Rand alleen. Waarom dan so baie armblankes.

# *Plateprogram vir Sondagaand, 8.30*

(1) Konsert in B mol vir fagot („bassoon") en orkes — W. A. Mozart (1756 — 1791).

(2) Hongaarse Rapsodie No. 6— F. Liszt (1811—1886).

(3) Simfonie No. 3 F mol — J. Brahms (1833 — 1897).

Dit is 'n welbekende feit dat die komponis, Mozart, in sy jeugjare 'n „wonderkind" was. Reeds op vierjarige ouderdom het hy stukke op die klawesembaal uitgevoer, en toe hy vyf jaar oud was het hy al kort stukkies vir dié instrument gekomponeer. Drie jaar later het hy sy eerste twee simfonieë gelewer! Gedurende die laaste paar jaar van sy kort lewe het Mozart die een onstreflike meesterstuk na die ander geskep, en die aandag van die wêreld word vandag só gebind deur die groot werke van sy latere lewe, dat ons teenswoordig feitlik nooit die geleentheid kry om van sy jeugwerke te hoor nie.

Die konsert vir fagot en orkes is so 'n jeugwerk — dit is voltooi in 1774, toe die komponis 18 jaar oud was. Die eerste en laaste dele van hierdie werk is só grappig, dat dit selfs die harnekkigste pessimis sal laat lag, en beweeg om sy sorge te vergeet.

Teenoor die uitbundigheid van die eerste en laaste dele, vorm die ingetoë fynheid van die melodieuse middelste deel 'n pragtige kontras.

Die orige twee werke op die program sal ongetwyfeld vir musiekliefhebbers baie bekend wees. Franz Liszt se kleurryke, vurige Hongaarse Rapsodieë kan getel word onder die beste produkte van die romantiek van die neëntiende eeu. By die aanhoor van 'n werk soos die Sesde Rapsodie voel 'n mens dat ten spyte van alles wat deesdae omtren Liszt gesê word, hy tóg nog 'n reusefiguur op musiekgebied bly.

In skerp teenstelling met Mozart, het Brahms tot sy twee-en-veertigste jaar gewag voordat hy sy eerste simfonie gekomponeer het. Hy het dikwels beweer, dat om 'n simfonie te komponeer ná Beethoven, geen kinderspeletjies is nie. Vandag kan ons met volle vertroue sê dat ten spyte van Brahms se gevoel van minderwaardigheid teenoor sy groot voorganger, hy vier simfonieë gelewer het wat in lyn kan staan met die bestes van Beethoven.

Hendrikz BROERS

Die Slagters wat Stellenbosch van VLEIS voorsien.
ONDERSTEUN HULLE.
Onthou—
ANDRINGASTRAAT.

Van Produsent aan die Verbruikers.
FORRER BROERS
360 Hoofstraat, NOODER PAARL.
Vra om ons Pryslys.
Bestellings na alle dele van die Unie.
Wyne, Brandewyne en Likeurs
Bestel by ons vir u volgende huisfunksie, dans of partytjie

Nederlandse Voorgeskrewe Boeke word nou
Teruggekoop
Vra vir 'n Lys

Matie — Kersfees — KAARTJIES
Met Nuwe Universiteits Wapen
4 bewoordings van
Prof. E. C. Pienaar,
Prof. F. E. J. Malherbe,
Mnr. Ernst van Heerden
Teen 4/6 per dos.
NOU VERKRYGBAAR
C.S.V.-Boekhandel,
Pleinstraat,
Stellenbosch.

DIE
STELLENBOSSE
STOOMWASSERY
Stuur ons jul Stywe Hemde, Boordjies en Wit Broeke
Tevredenheid Gewaarborg.
Dringende Bestellings word dieselfde dag uitgevoer en afgelewer.
Kragstasie Foon 338 Merrimanlaan.

Rook Springbok Sigarette.

# Op Ons Sportvelde.

## Fratse op die Kriekettoer.

(Deur Een van Hulle).

Na 'n uitstappie na Cowie het ons Vrydagmiddag 'n Hokkiewedstryd teen Rhodes se Dammeshokkiespan gespeel en veral as gevolg van Hein se spel 2—0 gewen. Die enigste betreurenswaardige insident was toe Vat Morkel die aantreklikste lid van hul span onderstebo geloop het en bo-op haar te lande gekom het. Hy hou vol dat hy dit per ongeluk gedoen het!

### JAN LOUW RAAK MOEILIK

Om 7-uur Saterdagaand is ons van Grahamstown weg op 'n uiters vervelige rit na P.E. Die enigste interessante gebeurtenis was toe Klaas, Vat, Vlooi Franzsen en Daantjie van der Berg deur hul gemeenskaplike optrede die poging van Jan Louw om 'n meisie met uiters liberale beskouings alleen in 'n kompartement te kry, laat misluk het.

Maandag het ons teen Oudtshoorn gespeel en 'n baie aangename partytjie het op die wedstryd gevolg. Dit het ons egter seer gemaak om te sien hoe Daantjie v. d. Berg weens die feit dat Oudtshoorn sy „Dorp"? is, die een Oros en Lemonade na die ander gesluk het terwyl hy 'n begerige blik gewerp het op die meer lewenskragtige drankies van sy spanmaats.

### DIE LAASTE FEES

Die toer het egter sy klimaks bereik met 'n baie goeie sakie die aand voor ons by Stellenbosch aangekom het. Met die gevolg dat die kaptein van die span om 8.30 n.m. voor die oë van 'n vooraanstaande Tokkelik sonder kunspoot, kaalvoet, in nagklere en 'n kamerjas 'n reeks opwindende reisies op Heidelberg se stasie teen Klaas du Bois gehardloop het!

Maar alle goeie dinge het 'n end en Woensdagoggend was ons weer hier. Nou wil ons egter hulde bring aan Klaas en Vat, die manne wat deur hulle fratse en grappe die toer vir ons die moeite werd gemaak het. Baie dankie!

### KNAP BESTUUR

En 'n besondere woord van dank aan ons Bestuurder, mnr. Hans Söhnge. Hy het hom uitstekend van sy taak gekwyt en ons is baie dankbaar vir alles wat hy vir ons gedoen het. Een van die lede van die span het hom na afloop van die toer beskryf as: „Sommer 'n baie lekker klas van vent!" Ons dink almal so, en ons hoop dat die besef dat dit so is, vir hom tot 'n mate sal vergoed vir al sy moeite.


**Stadler en Ko., (Eiens.) Bpk.**

DORPSTRAAT.

Die Winkel vir Diens en Kwaliteit — met 'n glimlag.

Kruideniersware—Ysterware Breekgoed en Skryfbehoefte.

Pyrex en Geslypte Glas.

Agente vir OLIVER PLOEË.



**HALDENWANG!**

Bak heerlike koek, tert, brood, bolletjies, pasteie en alles wat smaaklik is.

*Besoek ons winkel in* PLEINSTRAAT.


# GEWIGOPTEL.

Gewigoptel is een van die sportsoorte wat onder die hoof „Kragsport" geklassifiseer word, en is naas stoei, boks, hardloop en swem een van die oudste sportsoorte in die wêreld. In 52 lande van die wêreld is dit 'n erkende sport en sedert 1896 was dit nog altyd 'n nommer op die Olimpiese-spele.

In S.-A. is hierdie sport nog betreklik jonk. Hoewel dit al vir omtrent 20 jr. hier beoefen word is dit slegs gedurende die laaste 8 jaar dat daar gereeld elke jaar S.-A. kampioenskappe gehou word. Die standaard het gedurende hierdie laaste 8 jaar so vinnig gestyg dat ons S.-A. gewigsafdelings gunstig vergelyk met dié van ander lande.

In gewigoptel is daar meer as 50 verskillende stote. By die Olimpiesespele sowel as die wêreldkampioenskappe word egter net gewedywer in die 3 standaardstote wat bekend staan as die drie Olimpiese stote. Hierdie 3 stote toets die krag op 3 verskillende maniere en elk vereis krag, spoed en balans. Die drie stote is (1) „Met twee hande opdruk," 'n stadige beweging; (2) „Met twee hande opstoot" en (3) „Met twee hande opruk in vinnige stote.

### LOMBAARD SE PRESTASIES

Gedurende die laaste twee jaar het 'n paar kêrels in hierdie sport begin belangstel op Stellenbosch. Barnie Lombaard, wat onder leiding van Dr. Obholser daarmee begin het, het dit sekerlik die verste gebring. Hy het sy hoogste prestasies in 1940 bereik, maar kon nie altyd rekords wat hier opgestel is erken kry nie. In die „met twee hande opstoot" was sy beste stoot 272 lbs. terwyl die S.A.-rekord op 275 lbs. gestaan het. Hierdie stoot van hom is erken as 'n W.P.-rekord. In die „met twee hande opruk" het hy 208 lbs. bereik, 3 lbs. swaarder as die S.A.-rekord. Hy het al 304 lbs tot armlengte uitgestoot as die gewig met behulp van ander op sy bors geplaas word. Lombaard is die enigste ligswaargewig in S.-A. wat al meer as 300 lbs. op hierdie wyse opgestoot het.

## G.K.U.S.

Die volgende persone dien op die nuwe bestuur van die Gimnastiekklub:

A. H. du Toit (Voorsitter), J. A. Holtzhousen (Sekretaris), A. J. v. d. Merwe (Asst. Sekr.), F. P. Moller (Tesourier), D. G. Conradie (Addisionele lid).

Die klub het 'n ledetal van 60 persone bereik en is nog steeds aan die groei.

Die bestuur nooi alle belangstellendes om die klub 'n besoek te bring en saam te kom oefen. Daar sal veel goed gevind word om te behou.

Formele afrigting word verskaf op Woensdae 4.45 tot 5.45 n.m. en Vrydae 4 tot 6 n.m.

# Korrespondensie.

## Inter-Koshuisetery op Juniordag

Die Redakteur,
*Die Matie.*

Waarde Heer,

Deur middel van hierdie blad wil ek graag 'n verskynsel onder die aandag van die Studente-unie bring wat ek reken redelike beskouing verdien. Dit het betrekking op die tussen-koshuisetery wat gedurende die laaste paar pare gebruiklik geword het.

Soos bekend is, hou die Juniors elke jaar hulle etemaal in Dagbreek, Derhalwe word die ander Dagbrekers wat nie Juniors is nie, versoek om vir daardie middag 'n heenkome elders te soek. Daar word dan gereël dat hierdie Dagbrekers in groepe verdeel word om by die verskillende dameskoshuise te gaan eet. Nou was dit ongelukkig by meer as een geleentheid al die geval dat wanneer 'n mens by die betrokke koshuis aankom waar jy veronderstel is om ete te ontvang, jy daar talle persone aantref wat nie Dagbrekers is nie en in enkele selfs persone wat hoegenaamd nie aan die Universiteit verbonde is nie. Hierdie menere het dan gewoonlik ook al hulle plekke daar ingeneem, sodat baie van die Dagbrekers verplig is om om te draai.

Dié verskynsel op sigself is nog nie so 'n vreeslike sonde nie, hoewel dit nietemin nie te regverdig is nie. Maar wanneer daar by sulke geleenthede by die dameskoshuise 'n soort gedrag geopenbaar word wat geen student tot eer kan strek nie, dan voel ek my verplig om te protesteer omdat dit Dagbreek as koshuis ernstig raak. Hiermee wil ek nie beweer dat daar nie ook Dagbrekers is wat hulle by sulke geleenthede swak gedra nie, maar swak gedrag kom baie dikwels en miskien veral van die kant van dié mansstudente wat dan daar nie tuis hoort nie. En uit die aard van die saak is dit duidelik dat die kritiek en die blaam neerkom op die hoofde van dié wat dit in werklikheid nie verdien nie.

Meneer die Redakteur, hierdie is 'n toestand wat al herhaalde male voorgekom het. Dit is 'n verskynsel wat blykbaar tot dusver nie die aandag van die studente-unie in die algemeen en van die damesstudente in besonder geniet het nie. Ek wil daarom die hoop uitspreek dat verbetering in die volgende jare sal intree.

Die uwe,
G. S. J. Möller.

DIE JAARLIKSE
***HOKKIEDANS***
word gehou op
**WOENSDAG, 19 NOV.**
in die
**Banketsaal**
Net na die eksamens.
Kaartjies (7/6) kan later verkry word — hou die kennisgewings dop.


BOU NIE U HUIS OP SAND NIE. . . . .

Wanneer u u toekomsplanne beraam sal u noukeurig te werk gaan.

Lewensversekering is ongetwyfeld die veiligste en gerieflikste middel om voorsiening te maak vir geldelike sekuriteit vir uself en u familie op u ou-dag, of vir u afhanklikes wanneer u te sterwe kom.

**Kapitaal oortref £35,000,000.**

verseker by

**„Die Ou Mutual"**

**I. J. KRYNAUW,**
Agent, . . . . Pleinstraat.



***ONDERSTEUN***
DIE ALOMBEKENDE FIRMA
**R. MÜLLER**

Eerste vir:
KLAVIERE, DRAADLOOSTOESTELLE EN ALLE ANDER SOORTE MUSIEK-INSTRUMENTE.
Grootste voorraad MUSIEKBOEKE EN MUSIKALE BENODIGDHEDE.

Kwaliteit skep Tevredenheid — Tevredenheid — Reputasie.

Spesiale afdeling vir beste WAPENS EN PATRONE.

**R. MÜLLER (Eiens.) Bpk.**
PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH.



**DIE PÊRELSE STOOMWASSERY**

Kom laat die Firma wat die beste dienste lewer u ook bedien.

Eienaar: Mnr. W. Marsh.